Die Akasha, die grootste dubbelromp-seiljag wat nóg in Suid-Afrika gebou is, gister in Killarney. Die jag moes met groot moeite meer as 20 km ver na Tafelbaai-hawe vervoer word. (www.foto24.co.za20050323174506) **Foto: SIMONE SCHOLTZ**

Luukse dubbelromp is eg Suid-Afrikaans

EBEN HUMAN

KAAPSTAD. – Bome is langs die pad afgesaag en by drie padkruisings moes die verkeersligte tydelik verwyder word om die grootste dubbelromp wat nóg in die land gebou is, van Killarney meer as 20 km ver tot by die water in Tafelbaai-hawe te kry.

Dié dubbelromp van 23 m genaamd Akasha is so groot soos 'n tennisbaan en baie luuks. Dit gaan 'n Britse sakeman R15 miljoen uit die sak jaag en sal vir huurvaarte na die Karibiese Eilande gaan.

Ná bouery van twee jaar was die groot nagmerrie om die logistiek van sy vervoer van Matrix Yachts se bouwerf in Killarney na Tafelbaai-hawe te beplan.

Peter Wehrley en sy vrou, Fiona, het self ses jaar op sulke bote in die Karibiese Eilande gewerk.

"Ons het 'n gaping in die mark gesien en besluit om dit te probeer vul terwyl net twee Franse maatskappye tans sulke groot dubbelrompe bou," het Fiona Wehrley, gister gesê.

Die Wehrleys se Matrix Yachts het al voorheen seiljagte gebou, maar dié keer het Wehrley self die droomboot ontwerp.

Dit is 'n eg Suid-Afrikaanse produk en sy binnekant gaan versier word met plaaslike kunstenaars se werk sodat sy tien passasiers net die heel beste kan ervaar wat die land te bied het.

'n Bronsbeeld van 'n geelvintuna is spesiaal deur die beeldhouer Chris Bladen vir die luukse jag gemaak. Van oudpres. Nelson Mandela se spesiale afdrukke sal ook te sien wees.

Teen gisteraand twaalfuur moes die Akasha die skeepswerf in Killarney verlaat. Daar word geskat dat dit sowat drie uur sou neem om hom in Tafelbaai-hawe te kry. Sy romp strek oor drie gewone motorbane.

As die operasie suksesvol uitgevoer is, sal die weelderige Akasha vanmiddag om tweeuur te water gelaat word.